

Gereformeerde Kerk Bellville – 29 Julie 2018 – Oggend

Sing vooraf staande: Psalm 89:2, 6 (p. 444)

- 2 Ek het my trouverbond, so het die HEER gespreek, / met Dawid opgerig, en sal dit nooit verbreek.
Uit vrye guns sal dit My nimmermeer berou nie, / niks die vervulling van my eed aan hom weerhou nie:
Jou nageslag, o vors, bevestig Ek vir ewig, / jou rykstroon bou Ek op, van kind tot kind gestewig.
- 6 Hoe salig is die volk wat luister na u woord, / hul wandel in die lig wat van U afstraal, voort.
Hul sal hul in u diens, waaraan hul toegewy is, / die ganse dag verheug, omdat hul in U bly is;
hul prys u grote krag wat alle krag oortref het, / en u geregtigheid wat hul weer opgehef het.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 147:1, 2 (p. 704)

- 1 Laat voor die HEER 'n lofsang rys! / Hoe goed is dit om God te prys!
Hoe lieflik om die lof te sing, / die lof wat ons aan Hom moet bring!
Want Hy wil ons in guns aanskou, / Hy wil Jerusalem herbou
en Isr'el wat verstrooid nog swerf, / versamel op die heil'ge erf.
- 2 Hy heel gebrokenes van hart, / en Hy verbind hul in hul smart.
Sy oë speur oneindig ver; / Hy tel en roep die laaste ster;
sy krag en kennis, ongemeet, / oorwelf al wat ons ken en weet.
Sagmoediges verhef Hy weer, / maar goddeloses werp Hy neer.

Geloofsbelydenis: Nicea

Wet

Psalm 86:7, 8 (p. 433)

- 7 'k Is behoeftig en ellendig, / maar u guns, oor my onendig,
het my siel – omlaag gedruk – / uit die dieptes uitgeruk.
O my God, 'n hele skare / trotsaards en geweldenare
soek my siel en span die boog – / daar 's geen Godsvrees voor hul oog.
- 8 Maar barmhartig en lankmoedig, / groot van goedheid en oervloedig
in genade, en altoos trou / is die HEER wat my behou.
Wend U tot my in ontferming, / red my, toon my u beskerming!
Hoor my, HEER, 'n seun is dit / van u diensmaagd wat hier bid.

Gebed

Psalm 89:12, 13 (p. 447)

- 12 Ek sal sy nageslag en troon nooit laat vergaan, / sy heerskappy laat duur so lank die hemel staan.
Maar wil sy kinders nie my wette onderhou nie, / bly hul aan my bevel en regte nie getrou nie,
maar dwaal hul verder af in hul onheil'ge weë – / Dan kom my tugtiging op sondaarspad hul teë.
- 13 Dan sal Ek oor hul kwaad my strenge roede hef; / my hand sal nie verskoon, maar streng hul boosheid tref.
Nogtans sal Ek van hom my goedheid nimmer wend nie, / nóg wankel in my trou, of ooit my waarheid skend nie.
Ek wil nie afgaan van my heilige verbond nie, / nóg ooit herroep die woord wat uitgaan uit my mond nie.

Skriflesing: Rigters 2:1-19

Kernverse: Rigters 2:1-3

Toe trek die Engel van die HERE van Gilgal op na Bogim en sê: Ek het julle uit Egipte laat optrek en julle gebring in die land wat Ek julle vaders met 'n eed beloof het, en gesê: Ek sal my verbond met julle in ewigheid nie verbreek nie; maar julle mag geen verbond met die inwoners van hierdie land maak nie; hulle altare moet julle omgooi. Maar julle het nie na my stem geluister nie. Wat het julle nou gedoen? So sê Ek dan ook: Ek sal hulle nie voor julle uit verdrywe nie, sodat hulle vyande vir julle sal wees, en hulle gode 'n strik vir julle.
(Rigters 2:1-3 AFR53)

Tema: Daar kan nie 'n vennootskap tussen lig en duisternis wees nie

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, die eerste keer toe die Here met Israel gepraat het na die dood van Josua het Hy 'n rigtinggewende woord gegee. Hulle wou weet wie van die stamme van Israel eerste teen die Kanaäniete moet optrek. En die Here het die antwoord gegee. Juda moet optrek, want – en dit is die Here se belofte – ek gee die land in sy hand.

Toe ons by hierdie eerste woorde van die Here in Rigters 1 stilgestaan het, het ons ook teleurstellende berigte gehoor. Die onderskeie stamme het nie getrou die opdrag van die Here uitgevoer nie. In verskeie gevalle het hulle nie die heidene uit die beloofde land verdryf nie. In sommige gevalle het hulle gereken dat die heidene met hulle wapentuig net te sterk is vir hulle. Dit het daartoe gelei dat hulle maar die Kanaäniete tussen hulle laat woon het.

Teen die einde van Rigters 1 raak die berigte al droewiger. Aser het ook nie al die Kanaäniete verdryf nie. Maar nou word nie meer gesê dat die Kanaäniete onder die mense van Aser gewoon het nie. Daar staan geskryf dat Aser onder die Kanaäniete bly woon het (Rig 1:32). En uiteindelik hoor ons van Dan wat dit ook nie reggekry het om die heidene te verdryf nie. In hulle geval het die heidene die stam van Dan in die gebergtes in gedruk sodat hulle nie op die vrugbare landbougrond kon gaan woon nie (Rig 1:34).

Vanoggend kom ons by die tweede keer wat die Here met Israel praat na die dood van Josua. Waar dit die eerste keer 'n militêre bevel was, is hierdie tweede keer soos 'n hofspraak. Die Israëliete word deur die Here aangekla. Op die aanklag pleit Israel skuldig – hulle het hulle stem verhef en geweën. En dan vervolg die Heilige Gees met die bewyse vir die aanklag teen sy volk.

Broers, susters en kinders, voordat ons na die aanklag kyk wat die Here teen sy volk het, is daar eers iets waarna ons moet kyk wat die aandagtige leser sou opmerk. Hier in vers 8 lees ons vir 'n tweede keer dat Josua gesterf het. Hoe moet ons dit verstaan, want 'n mens kan mos nie twee keer in hierdie lewe sterf nie?

Dit is inderdaad so, niemand sterf twee maal in hierdie lewe nie. Om te verstaan waarom die Heilige Gees weer van Josua se dood vertel, moet ons onthou dat hierdie hoofstuk nog deel is van die inleiding van die hele boek. In die inleiding van 'n boek lees 'n mens gewoonlik 'n baie beknopte vooruitskouing van wat jy in die res van die boek kan verwag. Van vers 11 tot 19 kry ons die voorskou van die patroon van gebeure wat ons in die res van die boek gaan teëkom. Dit is die patroon van verval in Israel en die optrede van die rigters. Oor hierdie patroon sal ons netnou iets meer sê.

In vers 10 gee die Heilige Gees die oorsaak van hierdie patroon wat ons in die boek teëkom. En in vers 8 en 9 hoor ons wat gebeur het voordat die tyd van die rigters aangebreek het – Josua het gesterf en hy is begrawe. In die tyd toe Josua nog gelewe het en toe die mense geleef het wat ook al oud was maar nog gesien het wat Josua alles gedoen het, was Israel nog gehoorsaam aan die Here en het hulle Hom gedien. Maar toe hierdie ou mense ook gesterf het, was die duiwel los, want nou het daar mense geleef wat die Here en die werk wat Hy vir Israel gedoen het, nie geken het nie.

'n Mens kan nou jou kop in ongeloof skud en vra: Kan dit waar wees dat die nageslag van Israel wat uit Egipte verlos is nie meer die Here en sy werk ken nie? En ons kan probeer agterkom hoekom dit gebeur het, maar ons moet eerder op die waarskuwing wat die Heilige Gees vir ons hier gee let. Oupa en Ouma, Pa en Ma, doen met julle kinders wat die Here julle beveel sodat julle kinders en kleinkinders die Here en sy werke sal ken.

Dit is goed dat ouers by die doop van hulle kinders die Here belowe om hulle kinders in die vrees van die Here groot te maak. Dit is beter as ouers ook doen wat hulle belowe het. Dit is goed as 'n gemeente getuie is wanneer kindertjies gedoop word. Dit is nog beter as die gemeente ouers ook bystaan om hulle kinders te leer, sodat die kinders regtig die Here sal ken en veral die werk wat Hy in en deur Jesus Christus gedoen het.

Ouers en 'n gemeente se getroue werk, in diens van die Here, aan die kinders is inderdaad nie 'n waarborg dat die kinders werklik die Here sal ken en Hom van harte sal liefhê en dien nie. Maar ter wille van die verbond wat die Here met die ouers en die kinders bevestig het, het ouers en die gemeente 'n verantwoordelikheid teenoor die Here wanneer dit kom by die kinders. Dit kan steeds gebeur dat 'n kind in sy latere jare nie meer die Here ken nie. Maar dit moenie gebeur omdat Pa en Ma en die gemeente nie vir die kind van die Here en sy werk vertel het nie.

Laat ons nou terugkeer na die verse waarvoor die Heilige Gees vanoggend ons aandag vra. Die Engel van die Here het van Gilgal af na Bogim toe opgetrek. Die Engel van die Here, so kom ons agter in die res van ons kernverse, is niemand minder as die Here self nie. En vir ons wat die Drie-enige God ken, lei ons af dat die Engel van die Here die Seun van God is wat Homself hier aan sy volk openbaar. Dit is net die Seun van God wat Homself in die menslike natuur openbaar.

Wanneer Hy van Gilgal af optrek, begin Hy waar die stamme van Israel ook begin het om die land in besit te neem in opdrag van die Here. Gilgal was die eerste plek aan die westekant van die Jordaan waar Israel kamp opgeslaan het in die beloofde land. Die Engel van die Here trek deur die land om self te sien in watter mate Israel aan Hom gehoorsaam was om die heidene uit die land te verdryf en die land in besit te neem. Hy eindig by Bogim wat na alle waarskynlikheid 'n plek is tussen Silo en Bet-el.

By Bogim sê die Here eers wat Hy vir Israel gedoen het. Hy het hulle uit Egipte laat optrek en hulle gebring in die land wat Hy met 'n eed aan hulle vaders belowe het. Hy vertel eers van die genade wat Hy aan sy volk bewys het. En dan sê Hy wat sy gesindheid teenoor hulle sal wees tot in ewigheid – Hy sal sy verbond met hulle tot in ewigheid nie verbreek nie. Hy is hulle God en Hy eis dat hulle deur die geloof sy volk sal wees.

Aan die einde van vers 2 hoor ons die aanklag teen Israel: **Maar julle het nie na my stem geluister nie.** Hoe was Israel ongehoorsaam aan die Here? Was dit hulle mislukking om

die Kanaäniete uit die land te verdryf? Ja, dit is onder andere deel van die aanklag, maar dit is nie die ergste van die aanklag nie.

Let op wat sê die Here aan die begin van vers 2 net voordat Hy sê dat hulle ongehoorsaam was. Israel was veronderstel om geen verbond met die inwoners van die land te sluit nie. Hulle moes eerder die Kanaäniete se altare vernietig het. Dadelik kan jy vra, maar watter verbond het Israel met die Kanaäniete gesluit?

Kyk net weer na Rigters 1. Juda het al met die verbond begin. Wat het Juda gedoen met die inwoners wat ysterstrydwaens gehad het? Omdat hy hulle nie kon verdryf nie, het hy hulle laat lewe en gelos om tussen die Israeliete te woon. Daar het 'n ooreenkoms tussen Juda en die heidene ontstaan. Die duidelikste verbond wat Israel met die Kanaäniete gesluit het, is wat die stam van Josef gedoen het met die man van Bet-el. Hulle het vir hom gesê:

Wys ons tog 'n plek om in die stad in te kom, dan sal ons jou 'n guns bewys.
(Rigters 1:24 AFR53)

Hierdie man het hulle gewys en toe die stam van Josef die stad met die skerpte van swaard aangeval het, het hulle hierdie man en sy hele geslag vry laat gaan. Hy het weggetrek om weer 'n stad te bou met dieselfde bese kultuur van afgodery wat die Here bestem het om uit te roei. Die stam Josef en elkeen van die ander stamme het 'n verbond, 'n ooreenkoms met die Kanaäniete gesluit. Ja, maar die Kanaäniete het darem slawewerk vir Israel gedoen. Dit is so, maar dit is nog steeds 'n vennootskap wat Israel met die heidene aangegaan het.

Die Here sê dat sy volk glad nie 'n verbond met die Kanaäniete moet sluit nie. In die Nuwe Testament herhaal die Here hierdie opdrag by monde van Paulus. Daar mag nie 'n vennootskap tussen gelowiges en ongelowiges kom nie. Gelowiges en ongelowiges kan nie in dieselfde juk trek nie (2 Kor 6:14), want die ongelowige se lewenskoers is totaal anders as die gelowige s'n.

Omdat Israel in hulle gehoorsaamheid nie getrou gebly het aan die opdrag nie en nie voluit hulle vertrou in die Here gestel het nie, sal die Here nie die oorblywende Kanaäniete verdryf soos voorheen nie. Hulle sal nou vyande vir Israel wees en hulle afgode 'n strik vir Israel.

Dit is geen wonder dat Israel by die aanhoor hiervan toe hulle stem verhef het en geween het nie. Hulle het deur hulle ontrou vir hulleself nou 'n dieper put gegrawe as wat hulle ooit voorsien het. Hulle kon nie anders as om skuldig te pleit op hierdie aanklag nie. Hierdie geween en gekla van die volk gee 'n mens rede om te glo dat die Here se woorde hulle diep in die hart getref het. En wanneer hulle die plek Bogim noem om hulle aan hulle skuld en trane te herinner en boonop nog 'n skuldoffer aan die Here bring, hoop 'n mens dat hierdie 'n draaipunt in hulle lewe sou wees en dat hulle voortaan regtig getrou en gehoorsaam aan die Here sou lewe.

Dit was ongelukkig nie die geval nie. Uit die bewyse wat die Here gaan voorlê, sal ons sien dat daar nie egte bekering by Israel gekom het nie. Egte berou oor 'n mens se ongehoorsaamheid word nie net in trane gesien nie, maar in werklike bekering wat in 'n nuwe lewenstyl sigbaar word. 'n Mens kan jammer wees oor die gevolge van 'n mens se sonde sonder om jammer te wees oor die sonde waarmee jy die Heilige Gees bedroef het en God vertoorn het.

Israel het al die regte dinge gedoen toe die Engel van die Here met hulle gepraat het. Hulle het gehuil en is gedring om die aangewese offer aan die Here te bring. Vir Israel het dit beteken dat hulle 'n bul of 'n ram as sondeoffer gebring het. Vir die gelowige in die Nuwe Testament beteken dit dat jy by die ontdekking van jou sonde jou toevlug tot Christus neem. Sy offer aan die kruis is die enigste offer wat 'n mens se skuld heeltemal wegneem.

Israel se offer was ook 'n dankoffer, want in plaas daarvan om as Teregsteller te verskyn het die Here as Prediker aan hulle verskyn. Dit is nie die Here se begeerte dat die sondaar weens sy sonde sterf nie, maar dat hy hom moet bekeer en bly lewe. En hierdie begeerte van die Here word ook duidelik in die bewyse van Israel se halfhartige berou en bekering wat die Here van vers 11 af voorlê.

In vers 11 lees ons die kinders van Israel het gedoen wat verkeerd is in die oë van die Here. Hierdie woorde wat oor en oor gehoor sal word in die res van die boek het al by hierdie geslag van Israel kop uitgesteek. Omdat Israel vennootskappe met die heidene aangegaan het, het hulle van hulle beginsels prysgegee en in die strik getrap waaroor die Here hulle gewaarsku het. Hulle het in opstand teen die Here gekom en die afgode van die heidene gedien.

Hierdie opstand van Israel het die toorn van die Here laat ontvlam en Hy het sy volk oorgegee in die hande van rowers en die vyande rondom hulle. Die ellende wat Israel toe onder die heidene beleef het, het daartoe gelei dat hulle gekerm het. Net hulle gekerm onder die verdrukke was genoeg dat die Here vir hulle 'n rigter opgewek het om hulle van die verdrukke te verlos. Die Here was so genadig teenoor Israel – Hy het nie eers gewag dat hulle tot Hom om hulp moet roep nie. Net hulle gekerm het sy medelye vir hulle opgewek om vir hulle 'n rigter as verlosser te gee. Dit is hierdie patroon wat by herhaling in die res van die boek voorkom: Israel kom in opstand, die Here tug hulle met verdrukke, hulle het berou en die Here gee 'n rigter om hulle te verlos.

As dit eers so ver gegaan het dat jy van jou beginsels prysgegee het omdat jy vennootskappe met die ongelowiges aangegaan het, raak dit al moeiliker en eintlik onmoontlik om by egte bekering uit te kom. Ons sien dit in die lewe van Israel. Selfs wanneer die Here in genade 'n rigter gee om hulle te verlos van die verdrukker, luister hulle nie na die rigters nie. Hulle gaan eenvoudig voort om die afgode van die heidene te dien. En omdat dit 'n geslag was wat nie meer die Here en sy werke geken het nie, het die geslagte na hulle nog erger aangaan as hulle vaders en hulle word hardnekkig. Dus is die herhalende patroon wat in die boek voorkom nie maar net 'n sirkel wat oor en oor draai nie, dit is 'n spiraal wat al dieper en verder van die lig weg tol.

Geliefdes, as die Here sê daar kan geen vennootskap tussen die lig en die duisternis wees nie, weet Hy waarvan Hy praat. Ek en jy sal goed doen om na hierdie waarskuwing van die Here te luister. Wie egter nie luister nie en tog as gelowige met die ongelowige 'n vennootskap aangaan, moet weet dat hy die een beginsel na die ander naderhand sal prysgee, soos wat Israel gedoen het. Jy beland dan in 'n maalkolk waaruit jy nooit self sal kan ontsnap nie.

Die Here alleen kan 'n sondaar en 'n volk uit so maalkolk red. Hy het dit gedoen deur 'n beter verlosser te stuur as wat die rigters ooit kon wees. Hy het sy eniggebore Seun gestuur. Groter genade en liefde as Jesus Christus kan God nie aan die mensdom bewys nie. Daarom moet 'n mens liever nie waag om soos Israel voort te gaan met 'n halfhartige berou en bekering nie. Mag die Heilige Gees egte bekering by ons bewerk. Mag Hy volle

beheer neem van ons lewens deurdat ons onself aan sy gesag onderwerp. Net wanneer Hy ons lewens regeer, sal ons kan wegbly van onbehoorlike vennootskappe.

Amen!

Slotgebed

Psalm 26:1, 3 (p. 121)

- 1 O HEER, doen aan my reg! / Ek wandel as u kneg
en wil opreg met U verkeer. / Op U alleen vertrou ek;
op U, my Rotssteen, bou ek, / ek sal nie wankel, troue HEER!

- 3 Ek sit nie by die man / wat listig smee sy plan
en heim'lik voer sy raadslag uit. / Met dié wat in hul lewe
u woord en wet weerstrewe, / sal 'k geen verbond of vriendskap sluit.

Die HERE sal jou seën en jou behoed;

Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;

Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

Amen.

Katkisasieopening

Skrifberyming 14-1:1, 2

- 1 Waak, Christen, staan in die geloof / dat niemand jou die kroon ontroof!
Wees wys en dapper, sterk en moedig, / – steeds toegewy aan God se werk,
standvastig, onbeweeglik, sterk, / vol ywer, altyd meer oorfloedig –
dan sal jou arbeid in die Heer / tot seën wees, sy Naam ter eer!

- 2 Wees, Christen, in jou Heer versterk, / want Hy wil altyd in jou werk
om kwaad en sonde te weerstrewe. / Verrig jou taak met vaste hand,
en doen jou woord altyd gestand; / wil daarby rein en matig lewe.
En wil die Here dat jy ly, / o Christen, leer geduld daarby!

Ds Coen Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
29 Julie 2018